

**Skriflesing:** Efesiërs 2: 11 – 22Teks: **Efesiërs 2:14****Sing (INTROITUS):** Sb 14-3: 1,3,4 (Wapenrusting van die gelowige)**TYDENS EREDIENS:** Ps. 128: 1,2,3; Ps. 119:7; Ps. 119:52; Sb 18-1 (9): 1,5**Efesiërs 2: 11 – 22**

**Eph 2:11** Hou dan in gedagte wat julle vroeër was. Van geboorte was julle heidene, en julle is "onbesnedenes" genoem deur dié wat hulleself "die besnedenes" noem, al is die besnydenis net mensewerk aan die liggaam.

**Eph 2:12** In dié tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld.

**Eph 2:13** Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus.

**Eph 2:14** Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het.

**Eph 2:15** Die wet van Moses met al sy gebooië en bepalinge het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid verenig.

**Eph 2:16** Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee met God versoen en tot een liggaam verenig.

**Eph 2:17** Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir dié wat naby was.

**Eph 2:18** Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader.

**Eph 2:19** Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.

**Eph 2:20** Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is.

**Eph 2:21** In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here,

**Eph 2:22** in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon.

**Skriflesing:** Efesiërs 2: 11 – 22Teks: **Efesiërs 2:14****Sing (INTROITUS):** Sb 14-3: 1,3,4 (Wapenrusting van die gelowige)**TYDENS EREDIENS:** Ps. 128: 1,2,3; Ps. 119:7; Ps. 119:52; Sb 18-1 (9): 1,5

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, elke onderdeel van hierdie besondere brief van Paulus kan nie losgemaak word van wat in die breër konteks van die brief staan nie. Ons kan vandag se gedeelte ook nie losmaak van wat ons vanaf hoofstuk 1 tot vandag hier gebring het nie. Die feit dat God ons uitverkies het, so begin die brief met wat God gedoen het. Die feit dat ons verlos kon word, dat God ons as sy eiendom in Christus gemerk het, dit wat Paulus meegevoer het in sy lied wat hoofstuk 1 die grootste deel bevat, dis waar alles begin. Dit het Paulus op sy knieë gedwing en bid hy aan die einde van hoofstuk 1 'n gebed dat daar in God se kinders kennis en wysheid mag kom om die groter dinge waaroor die lewe werklik gaan ook te kan insien, dit te begryp, daarvolgens te lewe. Kennis omtrent die hoop wat daar in ons elke dag se roeping en werk moet wees, dit vir die hier en die nou. Ons het almal soos ons hier bymekaar is 'n lewe wat ons tot hier geleef het. Ons is God se verbondskinders, gedoopte kinders van God wat die rykdom van ons erfenis moet besef. Paulus praat van die rykdom van die heerlijkheid van hierdie erfenis. 'n Gelowige wat nie saam met die digter van Psalm 16 vers 6 dieselfde woorde kan uiter

nie het 'n groot probleem. Mag ons elkeen dit ook vandag wil sê: *5 Die HERE is die deel van my erfenis en van my beker; 'U' onderhou my lot.* *6 Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi.* Ons erfenis in Christus vir wat dit vir die hier en die nou beteken is lieflik, dit val ook in Efesiërs 2 op lieflike plekke. As Paulus in hoofstuk 1 se einde ophou bid dan vra hy die Here dat ons God se krag sal raaksien. Die meer letterlike vertaling praat van die allesoortreffende grootheid van God se mag in ons wat glo ... dit wat gebeur *volgens die werking van die krag van sy sterkte.* Anders gesê God se groot krag moet 'n uitwerking in jou en my lewe kan hê want as dit nie so is nie, dan is ek nie waarlik deel van God se kerk nie. God se kerk is sy vergadering van gelowiges waar God wil hê Sy roeping en Sy erfenis aan ons en Sy krag in ons tot 'n bepaalde saamtrepunt moet kom. Presies wat Sondag 21 V/A 54 van die Kategismus ons ook laat bely **dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente tot die ewige lewe uitverkies en dit deur sy Woord en Gees.** Hfst. 1 eindig met die kerk met Christus as ons enigste Hoof.

Verlede Sondag het ons moes raaksien hoe ons as mense is as Christus en sy kerk nie deel van jou en my lewe is nie. As Christus nie in die mens is nie, dan kan die mens lewendig lyk maar is inderdaad reeds dood. Die dood is oor so 'n mens ... Paulus gebruik die woord *dood* baie versigtig. In Efesiërs kom hierdie woord net 2X voor. Hfst. 2 vers 1 en hfst. 2 vers 5. Is asof Paulus in die brief nie weer oor die dood wil praat nie, alhoewel hy in ander briewe nog weer baie breedvoerig daarmee handel. Elke keer kan die gelowige oor sy eie dood die verlede tyd skryf as ons die besondere genade besef hoe God ons lewend kon maak toe Hy Christus ook lewendig uit die graf laat opstaan het. Daarvan lees ons in hfst. 2: 4-6: *4 Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. 5 Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! 6 Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee ...* Dit is die mooie en ryke erfenis wat ons vanuit hfst. 2 al vanaf verlede Sondag weer kon hoor. Ons wat in die tye by oop grafte moes staan besef ook ons geliefdes het saam met Christus 'n plek in die hemel kon ontvang. Hulle liggame is dood maar hulle lewe. Die wedergeboorte of soos dit ook genoem kan word ons doop in Christus se dood gee lewe al sterwe die liggaam ook. Christus gee lewe omdat Hy ons in die hemel 'n besondere plek gee. Maar ons is nie alleen gered uit die dood nie!

Geliefdes vandag se laaste deel van hoofstuk 2 wil in besonder met ons handel oor die lewe waarin ons nou is en hoe hierdie lewe geleef moet word. Naby God maar ook naby aan mekaar. Dit gaan ook oor ons liggaamlike lewe of soos Paulus ook daarna verwys as die vleeslike lewe. Die lewe in ons vleis kan ons dit seker ook letterlik stel. Daarin loop God ook met ons 'n besondere pad.

Paulus praat in besonder met die mense naby hom wat vroeër, soos hy homself ook sien, heidene was. Hy skryf en laat ons uit die Grieks meer letterlik vertaal: *onthou dat julle vroeër liggaamlik gesproke heidene was en onbesnedenes genoem deur die sogenaamde besnydenis wat liggaamlik met hande verrig word; dat julle in die tyd sonder Christus was, uitgesluit uit die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.* En dan in besonder vers 13 wat ons teksverse vers 14 vandag ook so treffend inlei - Die MAAR NOU tref ons hier weer. Verlede Sondag was ons in besonder al daarmee besig toe ons in vers 4 kon lees van MAAR GOD ... as ons hierdie twee woorde so langs mekaar sien. *Maar nou, in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus ...* Geliefdes in die kerk is eenheid nie maar 'n woord waaroor ons allerhande illusies en vreemde voorstellinge en vêraf gedagtes mag koester nie.

As jy kerk wil wees moet jy naby Christus wees. Jy moet een met Hom wil wees. Jy moet een met Sy liggaam wil wees. Een met die res van God se kinders. Een in wat ons as Kerk saambring en saamvoeg. Een in die eredienste, een in die dankbaarheidslewe, eensgesind in die werke en strewe dat dit met die ander moet goed gaan voordat dit met my goed sal kan gaan. As jy nie een met ons is nie, of iemand wil nie een wees met wat Christus se kerk is nie, dan is die dood sy lewe, soos wat die Egiptenaars die dood gesien het toe die lam se bloed nie hulle deurposte aanmekaar verbind het nie. Deurposte, deurkosyne het op 'n manier een moes word. Alleen net die deurposte wat in die bloed van lammers gemerk was, het die lewe daardie bepaalde nag van die verskriklikste dood in Egipte kon vryspring. Nie omdat daardie mense so goed was nie, maar omdat hulle deurkosyne gesmeer was met bloed wat die lewe dra en die lewe wou uitdra. Ja, omdat daar 'n bepaalde eenheid was. Dit wat al 'n teken en heenwysing was na die bloed van God se Lam, die één Lam wat vir ons geslag sou moes word.

Dit wat Christus vir ons gedoen het laat ons sien hoe daar 'n hegte eenheid moet wees as ons kerk-wees tot sy ware reg kom. God se groot krag waarvoor ons om wysheid moes bid bring gelowiges uit alle volke tale nasies geslagte lande en tye bymekaar. Die eenheid in kerkwees lê in Christus, in Hom alleen, dit wat Hy ons reeds geskenk het. Ons kan so dankbaar wees dat dit nie ons is wat hierdie eenheid moes bewerk en moes laat uitwerk nie. Vanaf verse 11 lê Paulus besondere klem op die gelowiges wat uit lande en volke kom wat met die ou Israel, dit wat met die bloedbande van Israel geen verband het nie, maar waar Christus se bloed 'n bepaalde eenheid smee. Moabiete, Filistyne, Babiloniërs, Egiptenaars ... Romeine, Grieke, Duitsers, Franse, Afrikaners ... ja daar is so baie volke in die wêreld wat net by uitsondering in die Ou Testament ingetrek was in God se besondere genadeverbond met Israel maar God het in sy genadige uitverkiesing voor die grondlegging van die wêreld dit ook vanuit Sy Raad beslis, ja dit so beskik dat die uitverkorenes wel bymekaar sal moet uitkom al is ons nie almal deel van dieselfde volk nie.

Daardie werk van God reeds vas besluit is wel nog aan die gang en is aan die gebeur waar kerke doen wat hulle veronderstel is om te doen. Kerke wat nie vir politieke en maatskaplike en ekonomiese en allerhande sosiale funksies en strukture gekaap mag word nie, maar wat besig moet wees met wat God van ons verwag nl. om die evangelie van God uit te dra en dit in die sentrum te moet plaas. In die kerk moet dit gaan om Wie waarlik ons Koning is en dat sy Koninkryk geglo, gesien en geleef moet word. Dat ek sout en lig moet wees, dat ek suurdeeg moet wees, die klein mostersaadjie wat nie sy geringheid en belangrikheid moet onderskat nie. In die kerk is almal ewe belangrik. Hier dink en werk ons nie volgens rang en status nie, maar volgens die grondwet van God se koninkryk wat wel Johannes die Doper se kop op die einde op 'n skinkbord laat beland het en Christus is aan die kruis gespyker en Jakobus en sovele van die apostels het 'n marteldood moes sterf ... onthoof, gekruisig, gefolter, verbrand vir wat hulle glo reg en volgens God se geregtigheid verkondig moet word. Is ons wel bereid om ons lewe vir wat die evangelie is op te offer.

Die afgelope ses maande het die vrese rondom 'n bepaalde virus eintlik maar gewys daar is min wat hulle lewe sal gee vir wat die evangelie en die kerk vir ons werd moet wees. Waar ons gedwing was om die hegte eenheid op te offer, moet tog nie naby my kom nie, so in kontra

Efesiërs se oproep vandag van leef naby God en wees naby mekaar. Ons het toegelaat en moes toesien hoe die kerk-vyandige wêreld, kerke kan en wil reguleer en regeer. Geliefdes, ons moet maar mooi dink mag ons dit toelaat. Is die eenheid en naby mekaar wees in die geloof en liefde en hoop sake wat ondergeskik moet staan aan my sogenaamde gesondheid wat in alle geval nie my gesondheid is nie, maar ook die Here besluit daaroor. Dis dinge waarmee ek baie worstel en as ek preek doen ek dit eerstens teen myself en waar ek gefaal en toegegee het en as ek verkeerd is, mag ek reggehelp word.

Vervreemding in kerk-wees het die afgelope honderd jaar nie in so 'n droewige toestand ontaard soos wat ek uit my bietjie kennis van kerkgeskiedenis hierdie laaste ses maande sien gebeur nie. Waar 'n selfoon en internet en elektronika besondere hulpmiddele mag wees maar dit mag nie my verskoning word van waar ons kerk is daar sal ek op my eie aangaan nie. Dis die dood in die pot waarmee Efesiërs 2 se begin ons ook teen gewaarsku het. Dit laat die ware lewe aan draadjies hang dalk nog dunner as die draadjies wat die elektronika aan die gang hou. Die verloop van hierdie wêreld word die lewenswyses wat mense hulle eie maak en is in so baie opsigte blatante ongehoorsaamheid aan God.

Terwyl God van jou en my nie net sy kinders gemaak het nie, maar God het skeidingsmure in Christus afgebreek. Nie Hy wou dit afbreek nie, maar belangrik Hy het dit afgebreek. Hy het van ons gemaak 'n nuwe volk wat sy kerk is. Ons moet wees een nuwe mensheid is die opskrif in van die Bybelvertalings. Vv. 13-14 is tog duidelik: *13 Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus. 14 Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het.*

Belangrik dat ons sal raaksien hoe Christus nie alleen vrede bewerk nie, maar Hy ook ons vrede is. Hy is dit veral op twee terreine. Hy gee die vrede en Hy is die vrede tussen ons en God. Hy wat nie 'n muur gebou het vir die uitverkorenes nie, maar Hy wat 'n brug kom bou het. Ons moet by God uitkom en ons moet by mekaar kan uitkom. As daar tussen God en jou vrede is, jy kry waarlik deel van om met God versoen te wees dan sal ons ook in vrede met mekaar bymekaar uitkom. Ons sal nie noodwendig altyd oor alles saamstem nie, maar ons laat nie toe dat

die vrede wat God sy Kerk skenk in die gedrang kom nie. Ook nie tussen ons nie. Ons werk altyd na daardie vrede toe waar dit juis gaan om God se eer wat bo alles moet wees.

In die kerk is ons soos in 'n huisgesin. 'n Huisgesin met sy trane, sy traumas, sy verskille en ook van die mooiste dinge in verhoudinge is wat in 'n gesin moet gebeur. Liefde, harmonie ja die volle spektrum van die vrug van die Gees is wat in 'n gesin moet wees en daar moet dit begin en daar moet dit deurwerk. Ons sal DV in Efesiërs later dit nog mooier na moet kyk. Efesiërs 5 vers 9 ... *9 Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid.* Dit natuurlik saamgelees met Galasiërs 5 vers 22 ... *22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.*

As ons praat van die vrug van God se werk dan staan dit nooit los van die kerk nie. Die kerk as God se huisgesin of kan ons ook praat van die huis van God en dat ons huisgenote in die huis van God mag wees. Alles baie ryk in betekenis in wat die lewe is as ons oor die huis van God praat. Ons wat ons soos lewende stene moet wil laat opbou. 1 Petrus 2 vers 5 staan ... *en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis ...* En ook 1 Tim 3:15 dan sê Paulus ek moet weet hoe ek my moet gedra en dan sê hy ... *jy sal dus weet hoe iemand hom moet gedra in die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer en beskermmer van die waarheid.* Die 2020 Bybel Direkte Vertaling maak interessant genoeg die begrippe bymekaar en praat van die huishouding van God ... *jy moet weet hoe jy jou moet gedra in die huishouding van God dit is die kerk van die lewende God 'n pilaar en 'n fondament van die waarheid ...* Die 1933'53-Vertaling praat van hierdie huishouding moet 'n pilaar en grondslag van die waarheid wees.

Hierdie waarheid wat ons vandag mee afsluit is dat ons naby God en naby mekaar moet wees. Dis wat God van ons verwag. Dit is wat die eenheid moet bewys wat reeds aan ons geskenk is. Ons moet hier ook dink aan die eenheid wat daar tussen die Vader en die Seun en die Heilige Gees is. Op meer heilige terrein kan niemand wees nie, maar dit is hoe heilig die eenheid wat daar moet wees in God se oë is. Is dit wat Christus se hoëpriesterlike gebed juis vir sy kerk was nie dit waarvoor ons steeds moet bid nie ... Johannes 17 vers 17-21: *17 Heilig hulle in u*

*waarheid; u woord is die waarheid. 18 Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur. 19 En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees. 20 Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo — 21 dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. Besef u die belang van eenheid in die slot van Efesiërs 2, sien u die gevaar van die sg Covid-regulasies wat steeds angsvallig en met angsaanvalle die kerk in sy eenheid bedreig en mag u insien dat Christus sien 'n sigbare eenheid as noodsaak tot sy werk as Hy bid ... dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.*

AMEN